***MARLOTH PARK HONORARY RANGERS/EREVELDWAGTERS***

☎ 072 883 9100 / **Email** jonweb@iafrica.com
**Website:** www.marlothparkhonoraryrangers.co.za
**Facebook**: https://www.facebook.com/marlothparkhonoraryrangers

# Property number and name boards

**It has always been a feature of Marloth Park where property owners who have a need, display a sign with their stand number and a name. These have traditionally been bush friendly sign's complying with the requirements as laid out in the town planning scheme of 2000 or building recommendations. Specifications are 600x800 and where possible made of wood.**

**Recently there is a growing trend of sign's which do not comply with the requirements and disregard the aesthetics of the bushveld environment. Signs should also be positioned on or within the property boundaries and not on the 5 meter municipal servitude between the road and the stand.**

**Marloth Park is a bushveld conservancy, not a suburb in the city, and we appeal to property owners and lodges to please comply with the regulations. Let us retain the bushveld atmosphere we all enjoy so much.**

**Volunteer law enforcement officers in Marloth Park have recently undergone training and will report to the head of metro police for Nkomazi. These officers will have the same powers as regular metro police officers whose function it will be to enforce the by-laws in Marloth Park.**

**We hope to have the support of these officers to assist with compliance and the growing disregard for regulations within Marloth Park. As soon as their contact details are available, these will be provided to property owners who can work together to make Marloth Park a better place for all.**

# Uithangborde met erfnommers en name

**Vanaf die vroegste tye het grondeienaars wat so 'n behoefte het, 'n uithangbord voor hulle eiendomme aangebring waarop hulle erfnommer en naam van die huis en /of bewoner aangedui is. Hierdie borde was oorwegend bosvriendelik wat aan die vereistes gestel deur die dorpsbeplanningskema van 2000 en bouregulasies voldoen het. Die toegelate spesifikasie is 600 x 800 mm en moet waar moontlik uit hout bestaan.**

**In die onlangse tyd begin die gewoonte om borde wat nie aan die gestelde staandaarde beantwoord nie, sy kop al hoe meer uitsteek, in stryd met die estetiese atmosfeer van 'n bosveldomgewing. Die uithangborde word ook in sekere gevalle verkeerdelik op die munisipale serwituut 5 meter wyd tussen die straat en die grens van die erf opgerig.**

**Marlothpark besit die status van 'n bosveld-bewarea, ver verwyderd van 'n stadsomgewing, en ons wil 'n beroep op grondeienaars en gastehuise doen om hulle by die regulasies te hou. Laat ons die bosveldatmosfeer wat vir ons kosbaar is, behou.**

**Wetstoepassingbeamptes wat hulle dienste vrywillig aangebied het, het onlangs opleiding ontvang en sal aan die bevelvoerder van die metropolisie vir Nkomazi verslag doen. Hierdie beamptes sal met dieselfde magte beklee wees as wat vir die metropolisie geld. Aan lg. is die taak opgedra om die bywette in Marlothpark af te dwing.**

**Ons hoop dat ons die ondersteuning sal geniet van hierdie plaaslike vredesbeamptes met die toepassing van regulasies en dat ons die toenemende verbreking van regulasies sal kan hok slaan. Sodra hulle kontakbesonderhede bekend is, sal dit aan grondeienaars oorgedra en aangemoedig word om die wetstoepassers by te staan om Marlothpark 'n beter plek vir almal te maak.**